# God roep tot die amp deur sy gemeente

Is die verkiesing van ampsdraers binne die VGKSA net 'n aangeleentheid vir mans? As ons na die verkiesingsvergadering kyk, sou 'n mens so kon dink. Gewoonlik is dit net mans wat daardie vergadering bywoon. Die vergadering word gesien as 'n vergadering van stemgeregtigde lidmate. En soos julle weet, is by ons net manslidmate geregtig om te stem. Dan lyk dit logies dat vroue en kinders nie daardie vergadering bywoon nie. Die vraag moet egter gestel word: is dit reg? Behoort ons vroue en kinders nie ook by die verkiesingsvergadering betrek te word nie? Maar wat moet hulle dan daar doen?

## Wie moet betrokke wees?

Ampsdraers is feesgeskenke van die verhoogde Christus (Efesiërs 4:8 e.v.). Hoe gee Christus hulle aan sy gemeente? Die Skrif maak duidelik dat Christus sy hele gemeente daarby wil betrek. Petrus betrek die hele gemeente by die aanwysing van 'n opvolger vir Judas (Handelinge 1:15-26). In Handelinge 6 lees ons dat die twaalf apostels *"die menigte van die dissipels"* byeengeroep het om die probleem rondom die weduwees aan te spreek deur ampsdraers aan te wys. Niemand sal wil beweer dat *"die menigte van die dissipels"* net manslidmate is nie. In die Nuwe Testament word vroue ook *"dissipels"* genoem. Dit is waar dat in vers 3 die vergaderde gemeente as *"broeders"* aangespreek word. Dit word egter algemeen aanvaar dat daardie aanspraak nie bedoel is om die geslag van die menigte aan te dui nie. In vers 5 word met nadruk genoem dat die *"hele menigte"* betrokke is. Of die mans op 'n ander manier as die vroue daarby betrokke is, is nie 'n saak waarop ek hier wil ingaan nie. Daarvoor verwys ek na die artikel van ds. FJ Bijzet. Waaroor dit nou gaan, is dat die hele gemeente by die verkiesing van ampsdraers betrokke is.

Dit is die rykdom van die nuwe bedeling dat God sy gemeente by die roeping van ampsdraers inskakel. Deur die uitstorting van sy Gees het die Here sy kerk mondig gemaak. Verlig deur die Gees kan die gemeente die gawes in hul midde opmerk en herken as geskenke van Christus met die oog op die opbou van die gemeente. Dit is vanweë die geloof dat Christus sy Gees aan die gemeente gegee het dat ons by die bevestiging van ampsdraers durf vra: *"Is u daarvan oortuig dat God Self u deur sy gemeente tot hierdie diens geroep het?"*

## Hoe kan jy betrokke wees?

In ooreenstemming met die Skrif het ons in ons kerkorde afgespreek dat die roeping van ampsdraers met medewerking van die gemeente sal plaasvind. Hoe word die gemeente dan betrek? Julle sal verstaan dat die roeping van ampsdraers nie net uit die verkiesing self bestaan nie. Die verkiesing is slegs een onderdeel van die hele proses. Wanneer ons kerkorde oor die roeping van ampsdraers praat, dan noem dit spesifiek drie elemente, naamlik die verkiesing, die goedkeuring van die gemeente en die bevestiging. Daarby moet ons besef dat die verkiesing op sy beurt weer 'n samevatting van 'n hele proses is. Om te stem is net 'n klein onderdeel van die hele proses van verkiesing en benoeming.

Daarom beteken die feit dat vroue by ons nie stem nie, beslis nie dat hulle nie by die verkiesing van ampsdraers betrek word nie. Geen enkele lidmaat word lamgelê wanneer hy of sy nie vir 'n spesifieke taak in aanmerking kom nie. Daar bly soveel ander take oor. Binne die gemeente het mense verskillende take en verantwoordelikhede. Die kerkraad moet die leiding neem. Die gemeente (mans en vroue) word opgeroep om die kerkraad se aandag te vestig op broeders wat hulle vir die amp geskik ag. Met behulp van die lys van name wat van die gemeentelede ontvang is, moet die kerkraad broeders nomineer wat aan die gemeente voorgestel kan word. Die hele gemeente bid die kerkraad die leiding van die Here toe. In hul persoonlike en gemeenskaplike gebede vra die gemeente ook vir die leiding van die Heilige Gees oor die verkiesing self. In ons

gemeentes is dit dan die belydende manslidmate wat namens die gemeente stem. Die kerkraad benoem die verkose broeders. Die gemeente word opgeroep om sy goedkeuring daaraan te gee. Hulle kan, indien nodig, besware teen die bevestiging inbring. Die predikant bevestig die broeders in die amp, terwyl die hele gemeente vir hulle bid. God roep tot die amp deur sy gemeente.

Waarom het die verkiesingsvergadering 'n aangeleentheid vir net die manslidmate geword? Is die feit dat vroue nie geregtig is om te stem nie, 'n wettige rede vir hulle om weg te bly? Nee. Daar gebeur op daardie vergadering meer as net die uitbring van 'n stem. Daar word ook saam uit die Bybel gelees, saam gebid. Daar ontvang ons ook die uitslae van die stemming uit die hand van die Here en dank ons Hom daarvoor. Moet die susters in die gemeente en die seuns en dogters nie daarby betrokke wees nie?

## Onder aanroeping van die Here

Wanneer die Skrif oor die betrokkenheid van die gemeente by die roeping van ampsdraers praat, dan moet ons nie net dink aan die verkiesing self of aan die voorstelling van name nie. Die boek Handelinge wys nadruklik op die gebed van die gemeente by daardie geleenthede. Voordat die lot gewerp word om 'n vervanger vir Judas aan te wys, bid die hele gemeente (Handelinge 1:24). Die gemeente het duidelik meer gedoen as net broeders nomineer en stem (vgl. Handelinge 6:6; 13:1-3; 14:23). Hulle het ook God se leiding en seën oor die hele proses afgesmeek, sodat Hy sy gemeente die leiers sou gee wat hulle nodig het. Hierdie gebed was nie net 'n formaliteit nie. Dikwels het dit ook met vas gepaardgegaan.

Die vroeë Christene was bewus daarvan dat die hele proses van die roeping van ampsdraers 'n hoogs geestelike saak is. Die ampsdraers is nie volksverteenwoordigers wat die wil van die volk moet uitvoer nie, maar dienaars van Christus. Dit gaan hier dus nie oor persoonlik voorkeure nie, maar oor die vraag wie God in die amp wil gebruik. God self wil immers deur die gemeente mans tot die amp roep. Daarom was die hele proses ook omring deur heilige eerbied en die belydenis van afhanklikheid van God. Daarom het die gemeente gebid, God vurig aangeroep vir sy leiding en seën.

> Calvyn het dit goed verstaan toe hy geskryf het: *"Met die woordjie hoe* (hulle verkies moet word) *verwys ek nie na die manier waarop hulle verkies moet word nie, maar na die eerbiedige vrees wat in hulle verkiesing gehandhaaf moet word. Hieruit het die vastye en gebede ontstaan wat, soos Lukas vertel, die gelowiges aangewend het wanneer hulle presbiters aangewys het. Aangesien hulle trouens besef het dat hulle met die ernstigste van alle sake besig was, het hulle niks aangedurf sonder die hoogste eerbied en sorgsaamheid nie. Hulle het hul inderdaad veral aan gebede gewy waarin hulle God om die Gees van raad en onderskeiding gevra het."*
>
> (*Institusie*, 4.3.12)

In ons kerkorde en belydenis word nie meer van vas gepraat nie, maar wel van die aanroeping van die Here. Ons bely in artikel 31 van die NGB: *"Ons glo dat … verkies moet word deur middel van 'n wettige verkiesing deur die kerk, onder aanroeping van die Naam van God…"* Ons vaders het verstaan dat die verkiesing van ampsdraers 'n baie ernstige en geestelike saak is. Nie net vanweë die posisie van die ampsdraers as dienaars van Christus nie. Maar ook vanweë die manier waarop dit God behaag om ampsdraers aan sy gemeente te gee.

Op grond van bostaande sou ek wil pleit vir die aanpassing van ons huidige praktyk rondom die verkiesing van ampsdraers. Die verkiesing van ampsdraers behoort gedra en omring te wees deur die gebed van die hele gemeente. Die verkiesingsvergadering behoort 'n vergadering te wees van die hele gemeente, vroue en kinders ingesluit.

Hulle behoort almal betrokke te wees by die vurige gebed van die gemeente vir die leiding van die Gees, sodat die gemeente die broeders mag ontvang wat Hy verkies.

Sentraal in die verkiesingsvergadering is nie die merk wat iemand agter 'n naam op die stembriefie plaas nie. Fundamenteel is die aanroeping van die Here dat Hy vir elkeen wat stem, die wysheid

en onderskeidingsvermoë sal gee wat nodig is om vir die broeders te stem wat God nou vir sy gemeente wil gee. Daardie gebed is ’n versoek dat God nou vir die welsyn van sy gemeente sal sorg. Nie die uitbring van ’n stem nie, maar die gebed staan sentraal in die hele proses van die roeping van ampsdraers, waaronder ook die verkiesingsvergadering. Daarom behoort nie net manslidmate nie, maar die hele gemeente, sover moontlik, aanwesig en betrokke te wees.

PS Om ’n idee te gee van hoe so ’n verkiesingsvergadering in die praktyk vorm gegee kan word, gee ek elders in hierdie blad ’n voorbeeld van ’n moontlike reëling vir die verkiesingsvergadering.

## Konsepreëling vir die verkiesingsvergadering

1. Voor die erediens sal die stemgeregtigde lidmate, terwyl hulle die kerkgebou instap, gevra word om die presensielys te onderteken, waarna aan hulle ’n stembrief gegee sal word.
2. Tydens die erediens sal al die lidmate opgeroep word om na die erediens agter te bly vir die verkiesing van ampsdraers.
3. Na die erediens, nadat die diensdoende ouderling die voorganger se hand geskud het, sal die hele gemeente weer gaan sit.
4. Die voorsitter en die skriba gaan sit aan ’n tafel voorin die kerkgebou.
5. Na ’n paar inleidende opmerkings open die voorsitter die vergadering met gebed en Skriflesing.
6. ’n Stemkommissie word aangewys.
7. Die voorsitter vra of alle stemgeregtigde lidmate die presensielys onderteken het en ’n stembriefie ontvang het.
8. Die voorsitter noem die name van ampsdraers wat gaan aftree en lees die lys van voorgestelde broeders voor, waarna hy die manslidmate nooi om hul stem uit te bring.
9. Die stemkommissie versamel die stemme en verifieer dat die aantal stembriefies ooreenstem met die aantal handtekeninge op die presensielys.
10. Die stemkommissie onttrek hom om die stemme te tel.
11. In die tussentyd nooi die voorsitter die gemeente uit om Psalms of Skrifberymings te sing wat op God se pastorale sorg vir sy gemeente betrekking het. Die voorsitter sal daarby toeligting gee.
12. Wanneer die uitslag van die verkiesing gereed is, sal die stemkommissie dit aan die voorsitter meedeel, waarna die voorsitter dit aan die gemeente deurgee.
13. Die voorsitter vra of daar enige formele besware teen die gang van sake is.
14. Die diensdoende ouderling word genooi om in gebed die vergadering af te sluit.

Kees Kleijn

© 2014
www.christelikebiblioteek.co.za